

Openbaring

Hoofstuk 19

Hierdie hoofstuk handel oor die bruilofsfees van die Lam en Sy vrou en ook die sigbare wederkoms van Jesus.

● **Opn. 19:1 En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God!**

→ Johannes sien nou die gebeure wat volg na die val van Babilon (Hoofstuk 18).

→ Halleluja beteken "loof die Here".

→ Hierdie menigte is waarskynlik engele, aangesien die heiliges eers later in vers 5 saam sing.

● **Opn. 19:2 Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.**

→ Hierdie vers neem ons terug na hoofstuk 17, waar die valse godsdiens van die antichris regering tot 'n val kom. Hierdie godsdiens het dwalinge verkondig wat baie mense mislei het. Talle volgelingen van Jesus is ook deur hierdie godsdienstige sisteem vermoor.

● **Opn. 19:3 En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.**

→ Hierdie rook is a.g.v. vuur waarmee sy verbrand is, sy het tot 'n einde gekom. **OPN. 17:16 EN DIE TIEN HORINGS WAT JY OP DIE DIER GESIEN HET, HULLE SAL DIE HOER HAAT EN HAAR VERLATE MAAK EN NAAK, EN HAAR VLEES EET EN HAAR MET VUUR VERBRAND.**

● **Opn. 19:4 En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! Opn. 19:5 En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! Opn. 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Opn. 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. Opn. 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges. Opn. 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. Opn. 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n medediensknegt van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.**

→ Hierdie verse handel oor die bruilof van die Lam.

→ Die Griekse woord vir "Bruilof", beteken eintlik "Bruilofsfees".

→ In vers 7 het die bevestiging reeds plaasgevind, want daar word verwys na vrou, nie bruid nie.

→ Die huweliksbevestiging vind plaas net na die wegraping en net na die Regterstoel (Bema), maar voor die sigbare koms van Jesus na die aarde. Die huweliksbevestiging vind plaas in die hemel, maar die seremonie vind plaas op aarde.

→ Hierdie aankondiging van die Bruilof van die Lam moet dan ook gesien word teen die agtergrond van 'n Joodse huwelik.

- a) Wanneer 'n Joodse jongman ouers gaan vra, het hy drie dinge saamgeneem. 'n sak geld, 'n huwelikskontrak en 'n kan wyn (lekker vars druiwesap). As die bruid se vader die aanbod aanvaar, word die kontrak dadelik onderteken en saam wyn gedrink. Dit is die eerste fase en word ook verlowing genoem.
- b) Die tydperk van die verlowing sou ongeveer een jaar duur. Gedurende hierdie tyd sou die bruid en bruidegom afsonderlik van mekaar woon. Hy sou by sy vader woon en daar 'n woning bou vir hom en sy toekomstige bruid. Sy sou in daardie jaar voorberei op die getroude lewe en aan haar bruidgewaad werk.
- c) As die jaar verby is sou die vader van die bruidegom die woning inspekteer en dan toestemming gee om sy bruid te gaan haal. Die bruidegom en sy manlike vriende sou na die bruid se huis gaan om middernag met 'n soort van fakkel-perade deur die strate van die dorp waar die bruid sou woon. Die bruid het hom verwag en sy en haar maagdelike vriendinne sou op hierdie gevolg van die bruidegom wag.
- d) Die bruid het nie geweet wat die presiese tyd is dat haar bruidegom haar sou kom haal nie, daarom sou sy waak en wanneer sy gaan slaap het sou sy 'n lamp in die venster laat brand sodat, wanneer die bruidegom in die nag sou kom, sou hy die lig sien en weet dat sy bruid hom verwag.
- e) Hulle sou dan saam met die bruidegom na sy huis gaan. Dit word ook vir ons in die gelykenis van die maagde gedemonstreer (Matt. 25:1-13).
- f) Die bruid en bruidegom sou dan bevestig word en daarna sou hulle fisiese gemeenskap gehad het.
- g) Daarna is die bruilofsfees wat vir 'n paar dae, gewoonlik sewe dae, kon aanhou soos ook in die bruilof te Kana gedemonstreer word in Joh. 2:1-12

→ Wat nou hier in Openbaring 19 belangrik is:

- a) Jesus het meer as 2000jaar gelede die prys betaal aan die kruis. So word die kontrak onderteken wanneer 'n verlore sondear vir Jesus vind en tot bekering kom. **1 KOR. 6:20 WANT JULLE IS DUUR GEKOOP. VERHEERLIK GOD DAN IN JULLE LIGGAAM EN IN JULLE GEES WAT AAN GOD BEHOORT.**
- b) Hy het ook die beker gedrink. **1 KOR. 11:25 NET SO OOK DIE BEKER NÁ DIE ETE, MET DIE WOORDE: HIERDIE BEKER IS DIE NUWE TESTAMENT IN MY BLOED; DOEN DIT, SO DIKWELS AS JULLE DAARUIT DRINK, TOT MY GEDAGTENIS.**
- c) Jesus het gegaan om vir ons plek voor te berei.
- d) Christus kom Sy bruid met die wegraping haal om na Sy Vader se huis (hemel) te neem sodat ons altyd by Hom kan wees.
- e) Jesus gaan ons na die bruilofsmaal te neem. Baie duidelik in hierdie gedeelte dat die bruilof van die Lam nie in die hemel gaan plaasvind nie, maar wanneer Jesus weer gaan kom. Die vermoede is dat dit dwarsdeur die 1000jaar van vrede sal plaasvind en nie in die hemel nie, en dan uiteindelik voortgesit sal word op die nuwe hemel en die nuwe aarde waarin al die heiliges van die vroegste eeue daarin sal deel en nie net die bruid alleen nie.

→ Die gaste wat genooi word is al die Ou-Testamentiese heiliges asook al die martelare van die groot verdrukking, ook hulle wat deur die groot verdrukking gaan wat waarlik gered gaan wees. **JOH. 3:29 HY WAT DIE BRUID HET, IS DIE BRUIDEGOM; MAAR DIE VRIEND VAN DIE BRUIDEGOM WAT NA HOM STAAN EN LUISTER, VERBLY HOM BAIE OOR DIE STEM VAN DIE BRUIDEGOM. SO IS DAN HIERDIE BLYDSKAP VAN MY VOLKOME.**

● **Opn. 19:11** Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. **Opn. 19:12** En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. **Opn. 19:13** En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. **Opn. 19:14** En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. **Opn. 19:15** En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. **Opn. 19:16** En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

→ Die Ruiter op die wit perd is Jesus self. **MATT. 24:29** EN DADELIK NÁ DIE VERDRUKKING VAN DAARDIE DAE SAL DIE SON VERDUISTER WORD, EN DIE MAAN SAL SY GLANS NIE GEE NIE, EN DIE STERRE SAL VAN DIE HEMEL VAL, EN DIE KRAGTE VAN DIE HEMELE SAL GESKUD WORD. **MATT. 24:30** EN DAN SAL DIE TEKEN VAN DIE SEUN VAN DIE MENS IN DIE HEMEL VERSKYN, EN DAN SAL AL DIE STAMME VAN DIE AARDE ROU BEDRYF EN DIE SEUN VAN DIE MENS SIEN KOM OP DIE WOLKE VAN DIE HEMEL MET GROOT KRAG EN HEERLIKHEID.

→ Hierdie sigbare wederkoms van die Here Jesus Christus moet duidelik van die wegraping van die bruid voor die groot verdrukking onderskei word.

a) By die wegraping kom Jesus vir Sy kinders. **1THESS. 4:16-17** WANT DIE HERE SELF SAL VAN DIE HEMEL NEERDAAL MET 'N GEROEP, MET DIE STEM VAN 'N AARTSENGEL EN MET GEKLANK VAN DIE BASUIN VAN GOD; EN DIE WAT IN CHRISTUS GESTERF HET, SAL EERSTE OPSTAAN. DAARNA SAL ONS WAT IN DIE LEWE OORBLY, SAAM MET HULLE IN WOLKE WEGGEVOER WORD DIE HERE TEGEMOET IN DIE LUG; EN SO SAL ONS ALTYD BY DIE HERE WEES.

b) Met die wederkoms kom Hy met Sy kinders. **1THESS. 3:13** SODAT HY JULLE HARTE KAN VERSTERK OM ONBERISPELIK TE WEES IN HEILIGHEID VOOR ONSE GOD EN VADER BY DIE WEDERKOMS VAN ONSE HERE JESUS CHRISTUS MET AL SY HEILIGES.

→ Die swaard wat uit die mond uitkom simboliseer die krag van die Woord van God wat instaat is om te vernietig en magte en koninkryke te vernietig. **HEB. 4:12** WANT DIE WOORD VAN GOD IS LEWEND EN KRAGTIG EN SKERPER AS ENIGE TWEESNYDENDE SWAARD, EN DRING DEUR TOT DIE SKEIDING VAN SIEL EN GEES EN VAN GEWRIGTE EN MURG, EN IS 'N BEOORDELAAR VAN DIE OORLEGGINGE EN GEDAGTES VAN DIE HART.

→ Christus gaan die swaard gebruik om die nasies wat vir die slag van Armageddon bymekaargekom het te verslaan, en ook almal op die aarde wat die Seun van God verwerp het en wat nou Sy vyand geword het. Dit gaan die skaap en bok nasie oordeel wees waarvan Matt. 25:31-46 van gepraat het.

● **Opn. 19:17** En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, **Opn. 19:18** dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

→ Die feit is dat die engel op 'n baie prominente plek staan om hierdie belangrike aankondiging te maak.

→ Die wêreldwye duisternis wat met die 5de skaal gekom het word nou gelig want Johannes sien die son weer skyn.

→ Hierdie engel het met 'n groot stem uitgeroep na al die voëls van die hemel vir 'n feesmaal van menslike liggame wat God vir hulle berei het. **ESG. 39:17 EN JY, MENSEKIND, SO SPREEK DIE HERE HERE: SÊ VIR DIE VOËLS VAN ALLERHANDE VERE EN VIR AL DIE WILDE DIERE VAN DIE VELD: KOM BYMEKAAR EN KOM AAN, VERSAMEL JULLE VAN ALLE KANTE BY MY SLAGOFFER WAT EK VIR JULLE SLAG, 'N GROOT SLAGOFFER OP DIE BERGE VAN ISRAEL; EN EET VLEES EN DRINK BLOED! ESG. 39:18 VLEES VAN DIE HELDE SAL JULLE EET EN BLOED VAN DIE VORSTE VAN DIE AARDE DRINK—RAMME, LAMMERS EN BOKKE EN STIERE, VETGEMAAKTE DIERE VAN BASAN ALMAL SAAM— ESG. 39:19 VET SAL JULLE EET TOTDAT JULLE VERSADIG IS, EN BLOED DRINK TOTDAT JULLE DRONK IS, VAN MY SLAGOFFER WAT EK VIR JULLE GESLAG HET. ESG. 39:20 EN JULLE SAL AAN MY TAFEL VERSADIG WORD VAN PERDE EN RUITERS, VAN HELDE EN ALLE SOORTE KRYGSMANNE, SPREEK DIE HERE HERE.**

● **Opn. 19:19** En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. **Opn. 19:20** En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. **Opn. 19:21** En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.

→ In 'n oomblik word die dier en sy valse profeet gevange geneem, hy kry nie eers kans om homself te verdedig nie, en word hulle saam in die poel van vuur gegooi as die eerste bewoners van die poel van vuur en swawel wat die Here berei het vir die duiwel en sy engele.

→ Dit is dieselfde plek waar al die goddelose mense in gewerp gaan word later met die groot wittroon oordeel in Openbaring 20:15. Ons lees ook in **MATT. 25:41 DAN SAL HY OOK VIR DIÉ AAN SY LINKERHAND SÊ: GAAN WEG VAN MY, JULLE VERVLOEKTES, IN DIE EWIGE VUUR WAT BEREI IS VIR DIE DUIWEL EN SY ENGELE.**

→ Jesaja beskryf dit ook: **JES. 66:24 EN HULLE SAL UITGAAN EN DIE LYKE SIEN VAN DIE MENSE WAT TEEN MY OPGESTAAN HET; WANT HULLE WURM SAL NIE STERWE EN HULLE VUUR SAL NIE UITGEBLUS WORD NIE, EN HULLE SAL AFGRYSLIK WEES VIR ALLE VLEES.**

→ Lees gerus ook Daniël 2:32-45. **DAN. 2:44 MAAR IN DIE DAE VAN DIÉ KONINGS SAL DIE GOD VAN DIE HEMEL 'N KONINKRYK VERWEK WAT IN EWIGHEID NIE VERNIETIG SAL WORD NIE, EN DIE HEERSKAPPY DAARVAN SAL AAN GEEN ANDER VOLK OORGELAAT WORD NIE; DIT SAL AL DAARDIE KONINKRYKE VERBRYSEL EN DAAR 'N EINDE AAN MAAK, MAAR SELF SAL DIT VIR EWIG BESTAAN.**